# Indien iets verkeerd kan gaan . . . (If anything can go wrong) . . . – Howard P Botha

Iewers in ons land hoor ek op die oomblik 'n pasiënt kla. Nie oor siekte nie; maar oor haar dokter:

"Jy weet, ons ou doktertjie is alweer weg. Alweer na seker die honderdste kongres. Hierdie kongres, mind you, nogal by die Wild Sun, gaan volgens gisteraand se TV oor "The Vital Link". In elk geval ons dokter is alweer "missing". Hy is baie eerder die "missing" as die "vital link".

Hierdie is maar een voorbeeldjie van Murphy se Wet (Murphy's Law) waarvan die dokterslewe deurvleg is. Volgens die meeste gesaghebbende bronne kom hierdie sogenaamde wet neer op "a name humorously given to various aphoristic expressions of the apparent perverseness and unreasonableness of things".

Skynbaar was Murphy 'n fiktiewe karakter waarmee dikwels in die Amerikaanse vloot gespot is. Voorgestel as "a careless, all-thumbs mechanic" was hy tot talle flaters instaat. Soos "installing a propellor backwards".

Murphy se Wet staan dus eintlik in die teken van: as iets verkeerd kan gaan, dan sal dit. Mediese praktyke sou sonder so 'n wet ondenkbaar wees. Dit help ons om verskoninkies uit te dink, foute toe te smeer en nouja, om te oorleef! Dié ou wetjie maak dit moontlik vir dokter en, laat ons maar sê, die pasiënt, om met 'n bietjie minder venyn na stommiteite en glipse te kyk. Om dinge so 'n bietjie sagkens te stel. Met tong in die kies te kla oor 'n dokter wat alweer kongres-toe is.

Spotprenttekenaars beroep hulle dikwels op hierdie wet en alle eer in hierdie verband aan die kunstenaar, Jack Davis, wat iets behoue laat bly van die dae toe dokters nog voorskrifte geskryf het en aptekers nog geresepteer het!

Die begaafde TO Honiball kon ook van hierdie wet gebruik maak om die skrille kontras tussen illusie en realiteit te beskryf. Die oor-realistiese dokter, wat, omdat hy letterlik aan die ween kan gaan oor 'n ongunstige bevinding wat hy met sy ondersoek van die pasiënt gemaak het, by daardie pasiënt enige illusie ontneem dat daar weinig met hom skeel.

Die harde feit is dat mediese praktyke 'n teelaarde vir misverstande is en daagliks beleef ons 'n ander vertolking van Murphy se Wet: "If something can go wrong or be misinterpreted, it will".

Pasop veral vir afkortings! Ek dink hier aan die plastiese chirurg wat nie, om sy lewe te red, kon verstaan waarom in die begeleidende brief van die verwysde pasiënt bloot net staan: "Hierdie man se hoofklag is $H_2O$". Die chirurg wou net kriewelrig vra hoekom 'n pasiënt met water of edeem na hom gestuur word, toe hy opkyk en skielik die huisarts se afkorting verstaan: Hengse twee groot Ore!

In 'n ander geval was 'n neuroloog dronkgeslaan deur die afkorting "COQIW" in die verwysingsbrief. Eers toe die pasiënt die geskiedenis begin gee van haar "funny attack" in 'n bekende kettingwinkel, kon hy aflei dat die vreemde afkorting staan vir: "Come Over Queer in Woolworths". Aan die ander kant, is dit ook moontlik om met enkele woorde die moontlikheid van enige misverstand totaal uit te wis. In die verwysingsbrief van die baie welvarende, baie neurotiese vrou wat aangedring het op die soveelste

## ... Indien iets verkeerd kan gaan ...

spesialisverwysing, het net gestaan: "Vet gans, pluk goed".

Soms saai ons self kwistig die saad vir misverstande. Die bekende skildery van Fildes (van die rustige dokter by 'n siek kindjie in haar eie kamer) sou 'n swak keuse wees in die wagkamer van 'n kollega wat 'n kennisgewing op die ander muur het dat hy nie meer tuisbesoeke doen nie. Wat antwoord hy nou 'n pasiënt wat onder betowering van hierdie ou pragtige skildery, van haar dokter wil weet hoekom hy en sy kollegas nie meer tuisbesoeke wil doen nie. Dit lyk dan so romanties! Die antwoord sou dalk kon opgesluit word in die volgende twee voorstellings op die twee oorblywende mure.

En hierdie wrak van 'n eertydse Chevvie wat die slagoffer van baie distriksoproepe geword het, herinner ons andermaal aan Murphy se Wet wat so geamendeer is dat "if the worst possible thing can happen, it will". En dan begin jy dadelik dink aan daardie katastrofes in die praktyk wat snags die nagmerries uit die stalle loslaat. By die pasiënt met 'n gruwelooslike anafilaktiese reaksie, kan jy die adrenalien-ampule net nie kry nie.

Ek hoop nie ek sal u lekker kongresstemming verder bederf nie met die stelling dat kongresse ook heelwat kans bied vir die "worst possible". Met al die gespook om betyds hier op te daag het die spreker se skyfies nie saamgekom nie. Is jy inbespreek by die Sonsondergang Aftree-oord en nie die Wild Sun nie. En die vreeslikste ding denkbaar: Die praktyk se algehele lastigste pasiënt ook by jou kongreshotel inbespreek!

Miskien is dit hierdie groot potensiaal vir onredelike, en so te sê perverse, gebeurlikhede wat baie van ons, dokters laat word het. 'n Rapsie masochisme is dalk 'n voorvereiste vir goeie dokterskap. Dalk bied dit ook 'n verklaring vir die genot wat sommige kollegas haal uit selfkastyding deur werk te doen wat ewe goed aan 'n personeellid gedelegeer kon gewees het. Soos 'n mot na 'n kers word baie van ons gelok na die gevaarlike pasiënt, en selfs moontlike fisiese kastyding.

Oor dokters en doktersdinge het ek oor 40 jaar baie gedink en gedroom. Daar was druppels van bitterste gal, maar ook medisynemate-vol glimlag.

Die dokterslewe kan heelwat "verglimlag" deur in die gees van Murphy nuwe speletjies uit te dink. Een hiervan is om die uitruil van, of rondsmous met, name tussen die geneeskunde en die handelswêreld tot by vermaaklike absurditeite te voer.

Mediese praktyk en die geneeskunde het nou maar eenmaal 'n aantrekkingskrag vir die ou wat vir sy besigheid 'n mooi naam soek. Kyk maar hoe adverteer die "dokters" in die geelbladsye!

Die Stoofdokter<br>
Drain Surgeon<br>
The Rug Doctor<br>
Gearbox Doctor

Die prettigste deel is dan om spesialiteite aan hierdie name te probeer koppel en dalk ook miskien spesifieke kollegas. Sou dit te onnutsig wees om te dink aan 'n ginekoloog as die stoofdokter? Die "Gearbox Doctor" mag dalk die naam wees van die kollega wat pasiënte te maklik rond en bont verwys.

Aan die meer ernstige kant. Vooruitskouings rakende hom- of haarself, die praktyk wat beoefen word, die geneeskunde self, is 'n oefening wat elke huisarts moet doen om die onmisbare skakel te bly.

En om dan aan die hand van sulke vooruitskouings strategies ingesteld te raak vir, soos oa in Murphy se Wet vervat,

- waninterpretasie tot die ekstreme gevoer
- die swaarste moontlikhede van onredelikheid

  en

- die slegste dinge denkbaar.